Tema: Niks keer die voortgang van God se kerk nie! Werk jy saam met God of teen God?

Lofsang met die oog op die erediens
Lied 477: 1,2

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied: Sb. 14 – 3: 1
Votum
Seën
Loflied Lied 478: 1,2,3
Gebed.

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: Handelinge 5: 17 – 42;
Teksverse: Handelinge 5: 38 – 39
Belydenis: NGB artikel 27.
Sing: Sb 18 – 7: 1, 12
Woordverkondiging.

Ons antwoord op die Woordbediening
Gebed
Sing Ps. 90 – 1: 9
Seën
Amenlied: Sb 13-2.

Geliefde brs. en srs. en kinders

Die woorde van die wyse Fariseër Gamaliël laat ‘n gelowige dadelik regop sit. Kan dit waar wees dat ek dalk teen God werk in plaas daarvan om vir God te werk? Hierdie vraag word nog belangriker as ons vanaand uit hierdie geskiedenis sien dat niks, ja niks, God se werk kan keer nie. Geen mens, geen volk, geen vergadering met watter gesag en mag ook al, kan God se werk in en deur sy kerk stuit nie.

In die lig hiervan moet ons almal ons eie dienswerk in die Koninkryk onder oë neem en dit toets. Veral ook die werk wat ons in en deur hierdie gemeente doen. Ons is immers deel van God se kerk en Hy werk in en deur ons en daarom kom wat ons hier in Potch-Oos doen, ook onder die soeklig van Gamaliël se raad aan die Fariseërs: Is die werk wat ons hier verrig uit God of dalk uit mense? Wat sal die tyd ons leer oor ons arbeid in diens van God?

En daarom is dit goed dat jy en ek net vir ‘n oomblik sou vra: Werk ons vir God of dalk teen God? Op die oog af lyk die antwoord op hierdie vraag baie maklik. Geen gelowige sal mos waag om teen God te werk nie. Maar in die praktyk van ons lewe en in die lewe van ‘n gemeente is die antwoord nie so eenvoudig nie.

Daar is baie omstandighede wat dit eintlik vir ‘n mens baie moeilik maak. Die duiwel stel vir ons baie strikke en as hy nie gehuiwer het om Jesus self te probeer verlei om teen God te werk nie, hoekom sal hy ons dan verbygaan?

So het die vroeë kerk hier in Handelinge te doen gekry met die teëstand van die Joodse tradisionele kerk en met kerkleiers wat meer bekommerd was oor die oorlewing van hulle kerklike strukture as oor die feit of hulle die koninkryk dien of nie. Hulle was meer bekommerd oor hulle eie magsposisie en aansien oor die volk as oor die waarheid. Daarom het hulle van die begin af ‘n bedreiging in Christus gesien en alles in hulle vermoë gedoen om sy werk te vernietig. Ons lees in die Evangelies van komplot op komplot wat gesmee is om Jesus te vang en dood te maak. En hulle het gedink dat hulle die oorwinning behaal het toe hulle Hom laat kruisig het, maar selfs Jesus se dood kon nie God se werk stuit nie!

Na sy hemelvaart het die dissipels, wat deurdrenk was van die verlossingswerk van Christus, sy werk voortgesit. En nou moes die Fariseërs en Skrifgeleerdes probeer om sy volgelinge stil te maak. Dit was vir hulle ‘n krisis want Christus se dissipels het astronomiese groei en aanhang beleef en het toe eintlik ‘n groter bedreiging geword as voordat Hy gekruisig is.  En hierdie stroom wou hulle probeer keer.

Br. en sr., agter dit alles sit natuurlik die duiwel wat God se werk tot niet wil maak. Hy wil die ware kerk wat Christus gebou het op die fondament van sy verlossingswerk vernietig en daarom hierdie vervolging van die gelowiges. Dit het eers begin met waarskuwings en lyfstraf. Later sou dit verskerp met gevangenisskap en uiteindelik met die moord op Stefanus. Stefanus se steniging het ‘n hele golf van vervolging laat ontstaan.

Maar ook hierdie velle vervolging het die Here se werk gestuit nie. Inteendeel! Dit Here het dit gebruik om sy Evangelie verder oor die wêreld te laat versprei. Hy gebruik die pogings van Satan juis tot voordeel van sy kerk. Hy laat sy werk nie stuit nie. Dit is ook sy belofte vandag aan ons sy kerk.

Vandag, brs. en srs., is daar ook baie dinge wat die voortgang van God se werk in en deur die kerk kan verhinder. Ons sou sekerlik ‘n baie lang lys kon opnoem, maar dit is nie die punt waarom dit hier gaan nie. Die eintlike vraag is: Hoe gaan ons seker maak dat ons werk in diens van die Here enige bedreiging kan weerstaan. Dat ons seker maak dat alles wat ons doen inderdaad God se werk bevorder en dit nie verhinder nie.

Uit ons teksgedeelte kom daar drie riglyne wat ons kan gebruik om ons werk te toets:
1. Waarheid
2. Gehoorsaamheid
3. Volharding

Wanneer ons ons werk in die gemeente aan hierdie drie vereistes toets, dan sal niks dit kan keer nie. Dan sal God se werk in en deur Potch-Oos ook van krag tot krag gaan. Aan die hand van hierdie 3 kenmerke weet jy ook dat jy met God meewerk en nie teen Hom werk nie.

1. Waarheid.
Waarheid br. en sr. moet altyd in verband met Christus gebring word. Hy het immers gesê dat Hy die enigste Waarheid is. Die evangelie van Christus staan sentraal in die Skrif as die enigste vaste waarheid! Dit wat Christus geleer het, Wie Hy was, wat Hy gedoen het – daaraan moet ons alles meet!

Waarheid kan alleen waarheid wees as Christus in die Middelpunt daarvan staan! Elke ding wat ons sê en wat ons doen moet ons aan Christus meet of in lyn met Christus bring!

Kyk hoe gebeur dit hier in ons teks: Die Joodse Raad het Jesus van die begin af verwerp, Hom as ‘n leuen afgemaak en Hom vermoor. Hy was in hulle oë maar nog net een van die valse leiers wat net opstand onder die volk gebring het. Maar voor die Joodse Raad staan hier nou mense wat bereid is om vir Hom te ly en wat besig is om sy volgelinge in duisende te versamel. Wat Hy kom doen het, was nie maar net van verbygaande aard nie, dit het hulle lewe verander en sou die wêreldgeskiedenis vir ewig verander. En die Raad was magteloos daarteenoor.

Die feit dat Christus opgestaan het, is deur sovele getuig, soos ook deur die dissipels by hierdie verhoor, dat niks daardie boodskap kon keer nie en duisende in Hom begin glo het. Die waarheid kan nie ongedaan gemaak word of gekeer word nie.

Die waarheid seëvier dikwels op ironiese wyse: Die Sadduseërs, wat ‘n groot deel van die Joodse Raad uitgemaak het, het nie geglo aan die bestaan van

engele nie. Maar ‘n engel kom om die dissipels uit die tronk te bevry en die Joodse raad staan verleë oor die onverklaarbare gebeurtenis.

En daarom, brs. en srs. moet ons ook aan hierdie waarheid vashou. Dit wat ons in die Skrif lees moet ook altyd in verband met Christus gebring word. As jy dit nie doen nie, kan die Skrif so maklik verdraai word en leuens deel van ‘n mense se lewe word. Toets daarom alles wat jy sê en doen aan Christus – die enigste vaste.

‘n Gemeente moet ook sy werk altyd toets aan die waarheid. Dit is die eerste vereiste vir koninkrykswerk wat meewerk en nie teëwerk nie. En om dit te doen moet ons eers vra: Ken ons Jesus Christus waarlik? Is Hy vir ons die enigste Waarheid? Is Hy ons enigste Verlosser en Koning? As ons hierdie vraag eerlik kan beantwoord en daarna soek om Jesus so te ken, dan sal ons ons werke ook maklik kan beoordeel in die lig van sy Woord. Dan kan gemeentelike besluite en optrede ook getoets word.

2. Die tweede riglyn waaraan ons werke getoets moet word, is gehoorsaamheid.

Die dissipels huiwer nie om voor die hoogste kerklike gesag van hulle tyd hulle gehoorsaamheid aan God te bewys nie. Hulle hele optrede getuig van hulle toewyding.
Na hulle vrylating beveel die engel hulle weer om te gaan preek. Die volgende môre is hulle weer getrou op hulle pos. Na hulle gegésel is en verbied is, gaan hulle huistoe en preek verder. Absolute gehoorsaamheid is ‘n kenmerk van God se werk. Want ‘n mens kan die waarheid ken en daarin glo, maar die toets lê daarin of jyself hierdie waarheid uitleef.

Teenoor die gehoorsaamheid en dienswilligheid van die dissipels staan die persoonlike gewin en selfsug van die Joodse Raad. Afgunstig op die dissipels omdat hulle soveel wonders verrig en die volk hulle verkondiging glo, wou die Raad die dissipels swaar straf. Maar dit stuit nie die dissipels in hulle gehoorsaamheid nie.

So moet ons werk in God se diens ook gekenmerk word deur ons gehoorsaamheid en toewyding. Die Here sal ons gebruik as ons ook in gehoorsaamheid sy werk verrig.

Brs en srs, dikwels gebeur dit ook met ons dat ons eie belange en ons eie gemaksugtigheid ons gehoorsaamheid belemmer en dan kan ons nie vir die Here werk nie. Jesus het gesê: wie sy hand aan die ploeg slaan maar bly omkyk, is nie geskik vir sy diens nie. Hy vra gehoorsaamheid. Ons kan die mooiste besluite neem en die mooiste voornemens hê, maar as ons dit nie uitvoer nie, dan verhinder ons God se werk.

3. Die derde riglyn is volharding.
Om aan te hou ten spyte van teestand en probleme. So dikwels pak ons die regte dinge aan, maar sodra daar teenstand kom, dan laat vaar ons dit. En

daarom moet God ons deur die Heilige Gees help.

Uit eie krag sal ons nie kan volhou nie, maar die Heilige Gees gee krag wat jou laat aanhou todat God se werk suksesvol afgehandel is. Die dissipels kon maklik onder die geweldige druk geswik het, maar die Here het hulle in stand gehou. Vervul met sy Gees en met sy krag het hulle eenvoudig aangehou en aangehou. Ons sien dit duidelik in die geskiedenis: die kragtige werk van die Heilige Gees deur eenvoudige gelowiges

En dit is hierdieselfde krag wat die Here ook aan ons gee. Die Heilige Gees lei ons elke dag. Sy werk in ons word veral sigbaar daar waar ons menslike krag en uithouvermoe skynbaar lankal moes ophou, daar dra Hy ons verder en gee ons moed.

So sal ons baie teëstand in diens van die Here ervaar, maar Hy belowe ons dat Hy ons sal help. Dit is waar vir elke een wat in besondere diens van die Here staan, maar ook vir elke gelowige. Selfs vir die eenvoudigste van ons almal. Hierdie dissipels was eenvoudige vissermanne, maar die Heilige Gees doen sy belofte gestand en lê hulle die woorde in hulle mond sodat hulle God se werk kan doen. Hulle preek met soveel krag en oortuiging dat dit duisende mense aangryp en oortuig. Dit is die werk van die Heilige Gees.

Br. en sr., 'n mens kom die kragtige werk van die Gees in hulle agter as daar staan dat hulle dit 'n voorreg geag het om vir die Here te vervolging en pyn te ly. Mag God deur sy Gees ook vir ons so lei dat ons daartoe bereid sal wees.
Daarom moet so dringend en gereel bid dat die Heilige Gees kragtig in ons moet werk sodat ons kan volhard.

Brs. en srs. kom ons luister vanaand na professor Gamaliël sodat die toets van die tyd nie dalk ons werk blootlê as dienwerk wat nie meegewerk het aan die Koninkryk nie, maar dit verhinder het.

Kom ons verbly ons in die feit dat niks die werk van die Here kan stuit nie – geen bose mag en geen aardse gesag kan God se werk stuit nie! Christus het oorwin en Hy is besig om ons op sy triomftog saam te neem! Mag dit ons inspireer met hoop en geloof!

Kom ons verbly ons daarin dat God ook vir ons wil gebruik. Ons met ons swakhede en tekortkominge, maar ons vir wie God verseker dat sy Gees ons sterk sal maak en staande sal hou!.

Kom ons toets al ons werk aan die riglyne van waarheid, gehoorsaamheid en volharding en dan sal ons weet dat God se werk in en deur hierdie gemeente ook deur niks gekeer kan word nie.

Amen.